



GOUD-RIFFELS

~~Nie~~ alles wat blink is goud ^{riwwers} ~~nie~~...

Kampnuusbrief - Januarie 2010. (Kareekloof)

Redakteur: Hoop almal het die feestyd en vakansie geniet en dat almal nou weer gretig daarna uitsien om die nuwe jaar aan te pak! Ons gaan in 2010 lekker saam kamp, kuier en Goudrif-bande smee. Die Buffelsfees, einde Julie en ons Lentedans in September gaan voorwaar hoogtepunte wees. Begin solank opgewonde raak en nooi ook al julle vriende vir die Lentedans!

Lief en leed: Denette se stiefpa is onlangs oorlede. Ons dink aan haar ma wat die verlies van haar lewensmaat nou moet verwerk. Sterkte aan Denette & Hein met hulle ekstra verantwoordelikhede.

Nuuswaardighede van vorige kamp: Die November kamp te Weltevrede was 'n fees, ja 'n heerlike Kersfees! Hein & Danette het hulle werklik goed gekwyd van hulle taak met al die reëlings, o.a. die aankoop van geskenke en lekkergoed-pakkies vir die kinders. Ons sê ook baie dankie vir Charl en Anel wat haar gehelp het. Bianca het ons besig gehou met pragtige danse terwyl ons vir kersvader gewag het. Die kêrel in sy rooi pak het skaars daar opgedaag, of die reën val in emmers op ons neer. Dit het selfs 'n bietjie gehael! Ons het so byna-byna 'n "White Christmas" gehad. Na die bui reën het die weer so verbeter dat Saterdagmiddag se braai baie gesellig verloop het en almal gesmul het aan die slaai wat deur Elize en Suzette verskaf is. Dit het niemand verbaas dat Elize & Faan se wa die prys gewen het vir die beste versierde woonwa nie, want hulle het baie moeite gedoen en byna die hele Saterdag gewerk aan die opgemaak van hulle tent!

Kampdetails vir hierdie naweek:

Ons kampkommandante: Oupa Robbie en Ouma Lily.

Ons toktokkies vir die naweek: Boudine en Klein-Chris.

Vrydagaand ~ Boekevat: +/-19h00 en daarna heerlike "Pie & Gravy" met 'n slaaitjie @ R15,00.

Saterdagoggend ~ Boekevat +/-9h00 en daarna inbetaling by Christine – R300,00 (4 persone) mits ons 10 waens is. [Pannekoek ? teen 12h00 @ R2,50] Saterdagmiddag +/-18h00 saam braai en "Noot-vir-noot" speel.

Sondagoggend ~ Kerkdiens (sal aangekondig word) en daarna afsluiting. [Onthou 'n eet-dingetjie (sout/soet) en ons kuier lekker saam]

Afkondigings:

- > Kleingeld vir die jeug se tietie-bottel. Hulle spaar vir vanjaar se kersboom!
- > Die nie-bederfbare kos / ou kleres vir ons gemeenskap-projek vir 2010, na Denette.
- > Goudrifhempies: Hein doen verslag.
- > Buffelsfees-reëlings: Johan doen verslag.
- > Lentedans: DV, 11 September 2010, in die Joodse saal, Randfontein. Christine doen verslag.
- > Volgende kamp: 26-28 Februarie 2010 by Eastco (Magalies). Tarief R330.00.
- > Die Oktober-kamp by Thaba Morula vereis 'n deposito van R220 per wa, teen 31/1/2010. Lede wat daardie kamp gaan bywoon, gee asb julle name vir Bettie.
- > 'n Omsendskrywe van SAWA HK, is van die Nasionale Voorsitter Jurie Dreyer ontvang, en is by die voorsitter beskikbaar. Dit handel oor admin reëlings, fondsinsamelings, die jaarprogram, nuusbriewe/webwerf-gebruik en sake vanaf die dagbestuur. Jurie noem dit o.a. dat daar in sekere streke, lede is wat hulle skuldig maak aan kru taal en drank misbruik. Besture moet streng optree, want dit lei tot nie-bywoning van boekevat geleenthede / erediens. Sulke optrede kan nie geduld word nie en is nie onderhandelbaar nie.

Verjaarsdae:

Geluk aan Johan 05/01, Nadia 28/01, Jané 13/01, Francois 21/01, Val 20/01, Christo 14/01, Natasha 03/01, Ronél 05/01, Jurgens 16/01, Janine 06/01.

Goudrifgroete en geniet die saamtrek.

Rina. (Redakteur) [e-mail gerus vir my nuusbrokkies by fouchee@lantic.net]